UNIVERSITY OF CAMBRIDGE INTERNATIONAL EXAMINATIONS
General Certificate of Education Advanced Subsidiary Level

**AFRIKAANS** **8679/02**

Paper 2 Reading and Writing

October/November 2006

**1 hour 45 minutes**

Additional Materials: Answer Booklet/Paper

**READ THESE INSTRUCTIONS FIRST**

If you have been given an Answer Booklet, follow the instructions on the front cover of the Booklet.
Write your Centre number, candidate number and name on all the work you hand in.
Write in dark blue or black pen.
Do not use staples, paper clips, highlighters, glue or correction fluid.

Answer **all** questions.
Care in the use of language and sentence construction will count in your favour.
Dictionaries are **not** permitted.
At the end of the examination, fasten all your work securely together.
The number of marks is given in brackets [ ] at the end of each question or part question.

**LEES EERS HIERDIE INSTRUKSIES**

Indien jy ’n vraestel/antwoordboek ontvang het, moet jy die instruksies op die voorste bladsy uitvoer.
Skryf jou sentrumnommer, kandidaatnommer en naam op al die stukke wat jy gaan inhandig.
Skryf met ’n donkerblou of swart pen.
Moenie krammetjies, skuifspelde, glanspenne, gom of flaterwater gebruik nie.

Beantwoord **alle** vrae in **Afrikaans**.
Punte word toegeken vir taalgebruik. Goeie sinskonstruksie sal ook in jou guns tel.
Woordeboeke word **nie** toegelaat nie.

Maak seker aan die einde van die eksamen dat jou werk stewig vasgemaak is.
Die aantal punte word tussen hakies [ ] aan die einde van elke vraag of deel van ’n vraag gegee.

This document consists of **5** printed pages and **3** blank pages.

SP (SC) T05731/3
© UCLES 2006
UNIVERSITY of CAMBRIDGE International Examinations

[Turn over

https://xtremepape.rs/

## Afdeling 1

Lees die volgende artikel aandagtig deur en beantwoord dan die vrae.

### Liefdadigheid: raak betrokke!

Nadine Naido is die stigter van 'n Internet gegronde netwerk wat vrywilligers werf vir welsynrorganisasies regoor Afrika. "Dit het alles begin toe ek vir die eerste keer Joza, 'n minderbevoorregte woonbuurt, in Grahamstad, besoek het. Ek het geen benul gehad van die barmhartigheid en waardigheid waarmee vrywilligers mense daar gehelp het nie", sê sy. "Die tyd wat hulle afstaan, die liefde, kennis en ervaring wat hulle deel, is van groot waarde vir die projekte. Ek het besef dat daar baie mense soos ek was, wat 'n mate van sukses bereik het, maar iets sinvols het in hul lewe ontbreek. Ek het geweet hulle hunker daarna om iets vir iemand anders te beteken." Die Verenigde Nasies het kennis begin neem van Nadine se werk en in 2001, as deel van die Internasionale Jaar van die Vrywilliger, het hulle 'n beurs aan haar toegeken om webmeester van die eerste Afrika–vrywilligersportaal te wees.

Twee jaar gelede het Beverly Alcock aangesluit by 'n organisasie wat vrywilligers en behoeftige kinders byeenbring in die hoop om 'n verskil aan die kleintjies se lewe te maak. Die meeste van die kinders kom uit minderbevoorregte huishoudings en het 'n gebrek aan selfvertroue. Die organisasie voel dat hulle baat sal vind by 'n ouer rolmodel by wie hulle gesonde lewenswaardes kan leer. Nog 'n inspirerende projek is 'Habitat for Humanity,' 'n organisasie wat huise bou vir dakloses.

Hanlie is 'n vrywilliger wat self alreeds twee huise en 'n skool in Uganda help bou het. Die werk gee haar selfbeeld 'n hupstoot en sy kan nuwe vaardighede aanleer. Eers was sy skepties, maar sy het gou besef dat dit nie noodwendig enigiets hoef te kos nie en ook nie te veel van haar tyd insluk nie. Sy het ook besef dat 'n stewige bankbalans haar nie gelukkig gemaak het nie.

Johan werk vir 'n organisasie wat skuiling verskaf aan straatkinders. Hy het sy hande vol om by te bly met al die werk, maar wil graag ander aanmoedig om betrokke te raak by welsynswerk en hul deel te doen vir hul gemeenskap.

Daar is ook welsynsorganisasies wat mediese klinieke oprig, behuisingskampe bestuur, kos verskaf aan gesinne en wat sop lewer aan mense in plakkerskampe. 'n Mens kan sien daar is verskillende organisasies wat jou hulp en vaardighede benodig, so raak betrokke en help jou naaste.

**1** Gee 'n kort definisie in Afrikaans vir die volgende woorde soos dit voorkom in die artikel:

*Voorbeeld:* regoor Afrika (sin 2).
*Antwoord:* orals in Afrika.

**(a)** werf (sin 1) [1]

**(b)** ervaring (sin 5) [1]

**(c)** ontbreek (sin 7) [1]

**(d)** behoeftige (sin 11) [1]

**(e)** vaardighede (sin 18) [1]

[Totaal : 5 punte]

© UCLES 2006


https://xtremepape.rs/

**2** Verduidelik die volgende sinne **in jou eie woorde**. Begin jou sinne met die woorde tussen hakies.

*Voorbeeld:*

*Vraag:* Twee huise is gebou vir dakloses. (Twee huise …)
*Antwoord:* Twee huise is opgerig vir mense wat huise benodig.

**(a)** Ek het besef dat daar baie mense soos ek was. (sin 6)
(Ek het …) [1]

**(b)** Die Verenigde Nasies het kennis begin neem van Nadine se werk en het ’n beurs aan haar toegeken. (sin 8)
(Die Verenigde Nasies het ….) [1]

**(c)** Die meeste van die kinders kom uit minderbevoorregte huishoudings. (sin 13)
(Die meeste van die kinders ….) [1]

**(d)** Johan werk vir ’n organisasie wat skuiling verskaf aan straatkinders. (sin 21)
(Die organisasie….) [1]

**(e)** Hy het sy hande vol om by te bly met al die werk. (sin 21–22)
(Al die ….) [1]

[Totaal : 5 punte]

**3** Beantwoord die volgende vrae in **Afrikaans**. Bepaal jou by die teks, maar **moenie** sinne direk uit die teks oorskryf nie.

***(Die begripstoets tel 15 punte en 5 punte word toegeken vir taalgebruik, dus 15 + 5 = 20)***

**(a)** Hoe werf Nadine mense vir welsynsorganisasies? [1]

**(b)** Watter sukses het Nadine bereik? [2]

**(c)** Het Nadine enige kennis gehad van liefdadigheidswerk voor sy self daarby betrokke geraak het? Motiveer jou antwoord. [3]

**(d)** Wat beteken die uitdrukking “hunker daarna” in die artikel? [1]

**(e)** “Hulle sal baat vind by ’n ouer rolmodel.” Verduidelik hierdie stelling. [2]

**(f)** Hoe baat vrywilligers by die diens wat hulle lewer? [2]

**(g)** Beskryf in jou eie woorde hoe Hanlie se gevoelens teenoor vrywilligheidswerk verander het. [4]

[Totaal : 20 punte]



https://xtremepape.rs/

**Afdeling 2**

Lees die volgende artikel aandagtig deur en beantwoord dan die vrae.

## Armoede in plakkersbuurte

Armoede veroorsaak swak gesondheid, ondermyn die doeltreffendheid van opvoeding, en ontmoedig mense. Met die toenemende styging van lewenskoste neem armoede toe. Mense wat ’n paar jaar gelede as deel van ’n middelinkomstegroep sou kwalifiseer, verarm in so ’n mate dat hulle nou in die lae- tot geeninkomstegroep val. Hulle inkomste is nie groot genoeg om hulle in die ekonomiese aktiewe mark te hou nie, en hulle val dan uit en verloor alles en moet dan na ’n plakkerskamp trek vir verblyf.

Armoede kweek armoede en is soos ’n aansteeklike siekte. Die mense verloor hul verantwoordelikheidssin en wend hulle tot drank- en dwelmmisbruik, wat gesinsbande vernietig. Die minister van behuising sê: “Plakkersbuurte is nie net ’n gesondheidsbedreiging nie, maar dit bedreig ook die veiligheid van die mense wat daar woon”. Die behuisingsagterstand in die land word toegeskryf aan die plaaslike regering se gebrekkige vermoë om behuising te verskaf en die onderskatting van die aantal mense wat huise benodig.

Werkloosheid is die grootste oorsaak van armoede en sal slegs deur volhoubare werkskepping verminder word. Die armoedeverligtingsprogram is daarop gemik om honger mense te voed en werk te skep vir werkloses. Die projek gaan gepaard met die voorligting en die ontwikkeling van mense se vermoëns in so ’n mate dat hulle in staat sal wees om vir hulself kos te voorsien.

Ekonomiese groei bekamp armoede, en dit gee nie net groter inkomste nie, maar stel ons in staat om meer te doen om ander basiese behoeftes te bevredig. Geld wat stom is, maak reg wat krom is. Die enigste langtermyn-manier om armoede uit te wis, is om meer te hê van die belangrikste kapitaal, dit wil sê onderwys en geskooldheid. Onderwys kan ook ’n kind in die regte rigting lei. Kinders moet opgevoed word om goeie waardes aan te kweek, goeie landsburgers te wees en ’n bydrae tot die samelewing te kan lewer.

© UCLES 2006

https://xtremepape.rs/

4 Beantwoord die volgende vrae in **Afrikaans in jou eie woorde.**

***(Die begripstoets tel 15 punte en 5 punte word toegeken vir taalgebruik, dus 15 + 5 = 20)***

**(a)** Noem die **twee** grootste faktore wat armoede veroorsaak en gee redes vir jou keuse. [2]

**(b)** Verduidelik wat die skrywer bedoel met die stelling: Armoede "is soos 'n aansteeklike siekte." [2]

**(c)** Hoekom is dit nadelig om in 'n plakkersbuurt te woon? [2]

**(d)** Wat is die siening van die skrywer oor die plaaslike regering se behuisingsbeleid? [3]

**(e)** Volgens die artikel wat beteken: "Geld wat stom is, maak reg wat krom is"? [2]

**(f)** Hoe kan behoeftiges hul omstandighede verbeter? [2]

**(g)** Hoe dra voorligting en onderwys by tot die bestryding van werkloosheid? [2]

[Totaal: 20 punte]

5 Beantwoord die volgende vrae in **Afrikaans**.

**(a)** Met verwysing na beide artikels, hoe kan liefdadigheidswerk aangewend word om armoede te verlig? Skryf ongeveer 100 woorde. [10]

**(b)** Skryf 'n nota van ongeveer 40 woorde aan 'n liefdadigheidssentrum en bied jou dienste en vaardighede aan om hulle te help. [5]

[Taalgebruik : 5]
[Totaal : 20 punte]

© UCLES 2006


https://xtremepape.rs/

**BLANK PAGE**



https://xtremepape.rs/

**BLANK PAGE**



https://xtremepape.rs/

**BLANK PAGE**

Permission to reproduce items where third-party owned material protected by copyright is included has been sought and cleared where possible. Every reasonable effort has been made by the publisher (UCLES) to trace copyright holders, but if any items requiring clearance have unwittingly been included, the publisher will be pleased to make amends at the earliest possible opportunity.

University of Cambridge International Examinations is part of the University of Cambridge Local Examinations Syndicate (UCLES), which is itself a department of the University of Cambridge.



https://xtremepape.rs/